# Die Seëninge van God in Christus



**2026-07-05**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## Ons is geseënd in Jesus Christus

**Ef 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,**

- **Kom daar woorde van lof, prys en aanbidding uit jou mond?**
- **Die seëninge wat ons het in Jesus Christus kom van God die Vader.**
- **Dit word gegee aan ons deur die Heilige Gees.**
- **Dit alles oor wat Jesus vir ons gedoen het.**
- **Seëninge uit die hemele (“heavenly realms”).**

## Jy is uitverkies

Ef 1:4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,

- Datum: Voor die aarde gemaak is.
- God het reeds voorsiening gemaak. Dit was Sy plan
- Gekies om heilig voor God te wees.
  (“concecrated, set apart for Him, purpose-driven and blameless in His sight”)
- Sonder gebrek.
- Altyd in liefde. Bedek deur Sy liefde.

## Aangeneem as kinders

Ef 1:5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,

Eph 1:5 His unchanging plan has always been to adopt us into his own family by sending Jesus Christ to die for us. And he did this because he wanted to! LB

- Jy word deel van die familie van God.
- Dit is hoe God dit wou hê, en dit is vir Hom ‘n plesier.

## Ons het genade ontvang

**Ef 1:6 tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.**

- **Genade en guns ("favor and mercy") wat nie verdien word nie.**
- **Dit word gratis oor ons uitgestort in Sy Geliefde Seun.**
- **Ons prys en loof die Here daarvoor.**

## Verlossing, Vergifnis, Genade

**Ef 1:7 In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,**

- **Ons was gevangenes deur ons sondes.**
- **Maar verlos deur die bloed van Jesus Christus.**
- **Hierdie seëning vloei na ons deur die bloed van die Lam.**
- **Die merke wat sonde gelos het is skoongewas.**

**Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.**

## God se Wysheid en Insig

**Ef 1:8 wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand,**

- **Verlossing en genade kom in oorvloed, in God se wysheid en verstand.**
- **God weet wat Hy doen.**
- **Hy verstaan ons, en weet wat die beste vir ons is ten alle tye.**

**Jes 11:2 en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.**

## God se wil vir die mens

**Ef 1:9 deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het,**

- **Ons verstaan en weet nou beter wat God se wil is vir die mens is.**
- **God se rede waarom Hy Jesus gestuur het. Redding vir die mense en verhouding**
- **God se liefde deurdat Hy Sy Seun na ons gestuur het, om vir ons sondes te betaal, en in ons plek te sterf.**
- **Dit is geestelike seëninge om in verhouding met God die Vader, Jesus Christus die Seun en die Heilige Gees te kan staan.**

## Alles word onder Jesus Christus verenig

**Ef 1:10 om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig**

- **God se plan is om alles onder een Hoof saam te bring naamlik: Jesus Christus.**
- **Wanneer die tyd reg is – waar jy jou ookal gaan bevind; hemel of aarde.**

**Fil 2:9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, 10 sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, 11 en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.**

## Die seëning van ons erfdeel

**Ef 1:11 in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,**

**Eph 1:12 sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het,**

- **Die Hemel is ons erfdeel.**
- **Dit is 'n geskenk.**
- **Die plek waar ons siele vir ewig by God gaan wees.**
- **Ons sal Hom kan prys en loof tot in ewigheid.**

## Verseël met die Heilige Gees

**Ef 1:13 in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,**

**14 wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.**

- **Ons is gemerk deur die Heilige Gees dat ons aan God behoort.**
- **Die Heilige Gees is God se deposito wat ons erfdeel waarborg.**
- **"the down payment on our heritage"**

## Nagmaal






**Bank Besonderhede**

Rek Naam: AGS van SA - Rayton
Bank: Nedbank
Rek Nr: 1620 217 031
Rek Kode: 162050